Die Koerier Jaargang 40 nr. 39

Sondag, 29 November 2026

Die Koerier sal weer in volgende jaar verskyn
Deur die vakansie sal die kerkkantoor sorg vir ‘n weeklikse “Koerier-lite “
Dank aan almal wat gehelp het om hierdie jaar ‘n groot sukses te maak!
Mag die Kerstyd vir ons almal vol vreugde wees!

Besoek ons webwerf by www. gklyttelton .org.za vir preke en ander inligting. Vir gemeentenuus stuur die nuus voor Donderdae na: grietswan21@gmail.com
Vir advertensies stuur na Mari Coetzee by epos: maricoetzee@gmail.com









Lees binne…

Preekinligting
Meelewing
Verjaarsdae
Katkisasienuus en pizza-aand-foto’s
GKSA-nuus
Silwerkrone-afsluitingsfunksie

Susters…

Kleinkoekie-projek afgehandel.

Kom drink ‘n koppie tee na die diens (volgende Sondag 6 Des sluit die kombuis tot 10 Jan)

Die Kersprogram verlede Sondag was ‘n musiekfees met Anel Kruger as solis. Hester van der Walt (orrel) (met Mia Prinsloo by haar) en Carlo Wright (trompet) en Wilhelm Drenth (solis) Dank aan die katkisasiekinders wat so mooi voorgelees het en die susters vir die Broodete sien nog foto’s bl. 11

Volg nuus vanuit Botswana oor die sendingwerk van ds. Hendrik daar: www.botswanasending.co.za Kontak ook vir br. Tiddo Voogt vir enige navrae.

Preekinligting Sondag, 29 November



Voorsang: Hardus du Plessis
Lied 344:1,2,3
Lied 345: 1,2,3,4
Lied 349: 1,2,3,4

Erediens: 9 uur gelei deur ds. Christo

Lees: Ps. 16
Teks: Gelese gedeelte
Tema: God se kinders ontvang seëninge wat hulle tot in die ewigheid laat sien.
Hoofpunte:

1. Die kenmerke van die gelowige.
2. Die seëninge van die gelowige.
3. Die vooruitsigte vir die gelowige.

Sing:
Ps. 95:1,4
SB. 12-3:1,2
Ps. 79:5,6,9
Ps. 16:1,3
SB. 15-1: 1-4

Preekrooster tydens Desember 2026

Sondag, 6 Des	Ds. Lourens du Plessis
Sondag, 15 Des	Ds. Douw Breed
Sondag, 20 Des	Ds. Tinus Smidt
Sondag, 27 Des	Ds. Christo (oggend GKL)
Sondag, 27 Des	Ds. Christo (aand GKC)
Sondag, 3 Jan	Ds. Douw Breedt
Sondag, 10 Jan	Ds. Cassie Aucamp

Meelewing

(Dank aan Trudie Grobbelaar)



Wilhelm Drenth is op Maandag, 23 November as penkop en drawwertjie Voortrekker Jeugleier vir 2027 verkies. Baie geluk met die groot prestasie.

Ons doen voorbidding vir die volgende persone:

- **Bettie Laubcher:** Sy het ‘n suksesvolle kniegvervanging gehad die afgelope week. Ons bede is dat sy volkome sal herstel.
- **Hennie en Alta Venter:** Hulle dogter, Elanie Beukes, is al ‘n maand in Kloof Hospitaal weens onder meer vog in haar longe. Sy is baie siek en kan weens die ventilatorbuis (trachea) wat in haar keel geplaas is, nie praat nie. Alta self, wat boonop baie swak is weens Parkinson se siekte, is swak en haar bloeddruk wissel baie. Ons bede vir die gesin is dat God Hom oor hulle sal ontferm in hierdie moeilike omstandighede.
- **Andries Voogt:** Die meniskusskeur in sy knieg word volgende week herstel. Ons vertrou dat hy volkome sal genees na die operasie.
- **Tjaart en Nelie Coetsee:** Nelie verduur baie pyn as gevolg van twee lipome in haar heup. Chirurgie by 1 Militêre Hospitaal het haar na UNITAS verwys, sodat dit moontlik daar verwyder kan word. Boonop kom haar seun ook volgende maand van Mosambiek af vir die verwydering van ‘n gewas op sy skildklier. Ons bede is dat God vir Nelie en haar seun sal seën met volkome herstel.

Ons dra ook die volgende lidmate aan ons hemelse Vader op:

- Almal wat weens ouderdom eensaam en siek is en moeilik beweeg;
- almal wat herstel na groot operasies;
- almal wat baie pyn verduur weens chroniese siektes;
- almal wat finansieel swaar kry.

Sr. Yvonne Pretorius skryf:

Graag wil ek almal bedank wat my tyd in Lyttelton-gemeente so aangenaam gemaak het.

Ek verhuis weens mediese redes na Potchefstroom en gaan na Eikelaan se versorgingseenheid. My beste wense vir almal. Ek gaan julle baie mis.

Pizza-aand was ‘n heerlike kuieraand … Dankie aan almal wat ‘n bydrae gemaak het om die aksie moontik te maak!









Susters…



Saamtrek 2027

Ons is opgewonde oor alles sover vlot verloop. Ons benodig egter nog donasies:

- Handeroom
- Handewassseep
- Domestos
- Swart sakke
- Klein pakkies snesies
- Toiletsprei

Plaas die produkte in die gemerkte boks op die verhoog.

Vir ons resepteboek:

Stuur asb ‘n oulike storie met ‘n wenresep vir ons unieke resepteboek en epos aan:

lizette.diederiks@up.ac.za

Kerskoekie-projek ten bate van die Sustersaamtrek is afgehandel.

Die projek was die inisiatief van Marie Greyling en is gelei deur Sonja du Toit wat soggens al vroeg gereed gemaak het vir die bakkers wat kom bak het. Sowat 90 kg koekies is die afgelope maand gebak en verpak! Baie geluk met die geslaagde projek. Daar was ook nog ekstra koekies vir ons 80+ sakke.

Dank aan Johan van Dijken wat elke keer kom help het. Die susters waardeer sy hulp en vaardigheid met enige tegniese probleme kan opduik.
Marie sal Sondag na kerk by die kerksaal gereed staan sodat almal wat bestel het hulle koekies kan afhaal.
Indien jy enige navrae het kontak haar by
tel: 082 664 9572



Verjaarsdae die komende week…

Noemnaam	Van	Verjaardag	Ouderdom	Wyk	Selfoon
Aren	Eloff	11/30	15	11	`082 4384 837
Magda	Van den Berg	11/30		01	`082 3319 132
Danielle	Van Niekerk	11/30		21	`076 9079 795
Marnus	Viljoen	12/01	18	11	
Mari	Coetzer	12/01		08	`072 6322 684
Carmen	Holliday	12/01	21	11	`074 5369 924
Alta	Pohl	12/01		05	`074 8988 547
Elri	Uys	12/01	4	21	`072 9759 157
George	Erasmus	12/02		06	`082 4505 888
Tiddo	Voogt	12/04		10	`082 8927 748
Stefan	Bezuidenhout	12/05		09	`082 8802 504

Dank aan die diakens vir die vure en bak van die pizza's tydens die katkisasie se pizza-aand. Foto links: Ernst Reynecke en regs is Ashwin Schlebusch besig om pizza's te bak.





Silwerkrone – afsluitingsfunksie

Dank aan die span susters wat die spyseniering gedoen het!















Katkisasie Nuus

29 November 2026

Psalm 1:3
So iemand sal wees soos 'n boom geplant langs watervore, wat sy vrugte op sy tyd gee en waarvan die blare nie verdor nie. Alles wat hy aanpak, gedy.

Daar is geen katkisasie vir die res van 2026 nie. Geniet die vakansie, wees veilig en geniet 'n wonderlike feestyd.



Diensbeurte en kollektes

Wyke aan diens: 11&12

Kollekte onder die diens: Diens van barmhartigheid

(gebruik ook die snapscan)

Bussies by die deur: Botswana Sending

Kollekte by die deure: Kerkkas



Kerksaalbesprekings

Nov. 2026

- George Lee – Saterdag, 28 Nov.

Des 2026

- Ané van der Walt – Saterdag, 5 Desember

18 September 2027 – Wijnbeeck -troue

Ds. Christo gaan op verlof…

Liewe gemeente,
Dit is ‘n begeerte van ons om aan elke lidmaat ‘n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe te wens.
Dank vir almal se liefde en ondersteuning. Ons het beweeg van een suksesvolle aksie na die volgende die afgelope jaar.
Ons gaan ‘n bietjie rus om die nuwejaar weer volstoom te begin met al die uitdagings wat wag.
Die teologiese student kom die 18 Januarie en sal dan drie weke hier prakties doen.



KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe ontvang

- Proponent R (Rynhardt) Landman na GK Nelspruit as medeleraar
- Proponent R (Rynhardt) Landman na die Gereformeerde Gemeenskapskerk Oshakati in Namibië



Emeriterings

Ds Sarel Venter, predikant van GK Pietersburg, lewer op Sondag 29 November 2026 sy afskeidspreek waarna hy emeriteer.

Ds Sarel en Tialeen Venter



Ds André Myburgh, predikant van GK Springs, lewer op Sondag 6 Desember 2026 sy afskeidspreek waarna hy sy emeritaat op 31 Desember 2026 aanvaar.

Kersprogram 2026 … Lig uit Lig













GKSA – NUUS


Gereformeerde Kerk Brooklyn en Hervormde Kerk Philadelphia
bied aan
Die datums:
17-21
Januarie
2027
DIE BESTE BEGIN VIR JOU STUDENTE LEWE!
Eerstejaars-afskopkamp
Die plek
Mighty Apies River Venue
R1400
per persoon


GEREFORMEERDE KERK POTCHEFSTROOM DIE BULT
-EERSTEJAARS-
AFSKOP
KAMP
26 - 29 JANUARIE 2027 | R650 PP
ELANDSFONTEIN, POCHVELLE
INSKRYWINGS SLUIT 19 JANUARIE 2027


GEREFORMEERDE KERK CACHET
EERSTEJAARSKAMP
24-29
JANUARIE
2027
Rocky Ridge Parys
R1650 per persoon
SKRYF NOU IN!
SCAN ME
Vir enige navrae kontak:
Marinel Diedericks -
071 502 2950


GK CACHET
SENIOR
INSKRYWINGS
EERSTEJAARSKAMP 2027
23-29 JANURIE 2027
ROCKY RIDGE PARYS
R1650 P/P
SKRYF NOU IN!
VIR ENIGE NAVRAE KONTAK:
MARINEL DIEDERICKS - 071 502 2950

Gemeente - inligting

Eredienstye: 9 uur Eerste diens, 11: 00 tweede diens. Audio-opname word op die webwerf uitgesaai.

Predikant: Ds. Christo Swanepoel, Burgerlaan 113, Lyttelton Manor

Kontaknommer: 012 664 2195 Selnommer: 083 263 7641. E-posadres: swanepoel.gerefkerk@gmail.com

Katkisasie: na die oggenddiens in die katkisasielokale enige navrae aan Adelle Drenth tel. 082 770 2710

Bedieningskommissie: Oudl. Kobus Erasmus: Selnommer: 082 334 1845

Bedryfskommissie: Oudl. Helgard Cronjé: Selnommer: 084 336 8561

Diakonie Voorsitter: Diaken George Erasmus tel. 082 450 5888

Susters Voorsitter: Marie Greyling: tel. 082 664 9572

Nuwe intrekkers: Anita Schutte: Kontak tel. 072 360 1494

Tesourier van die Susters: Sussie Voogt by tel. 0082 892 7747

Bankrekening van die Susters: Gereformeerde Susters Komitee, ABSA Bank Lyttelton, Takkode 335045, Rekeningnommer: 600 340 239

Emosionele ondersteuningsgroep: Trudie Grobbelaar: 084 589 5965 (pastorale terapeut en koördineerder

Die Silwerkrone Voorsitter: Jan Plomp: Kontaknommer: Selnommer: 084 767 4880

Orrelis: Petrus Kruger: tel. 079 134 0578

Koster: George Lee tel. 082 778 5511

Kerkkantoor: Dirk Schoeman: Selnommer: 082 473 9135 gkerklyttelton@gmail.com

Bankrekening van die Kerk: Gereformeerde kerk Lyttelton, ABSA Bank Lyttelton, Takkode 335045, Rekeningnommer: 0600 340 077 (dui u naam en wyk aan vir bydraes)

Die Kassier: Oudl.Kobus Robbertse: Selnommer: 079 820 1329 Bankrekening van die Diakonie: ABSA Bank, Takkode 632005, Rekeningnommer: 600 280 031

Die Koerier: Griet Swanepoel: tel. 0837462646 epos: grietswan21@gmail.com (saktyd Donderdagaand 22:00).

Attes skriba: Henry Engelbrecht, Selnommer: 082 680 6821. Epos: henryengel7@gmailcom.

Skribas: Oudl. Stefan Bezuidenhout tel. 082 880 2504 Oudl. Carl Pohl Selnommer: tel: 082 469 1620

Diak. Kobus van der Merwe: tel. 083 960 5249